

5 Desember

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:28 – 3:10

Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:1

God se kinders leef nie meer in die mag van die sonde nie

Dit is 'n groot genade en voorreg om God se kind te kan wees. Hieruit blyk dat die Vader aan ons 'n groot liefde bewys het. Veral as mens beseef wie ons was voordat God ons sy kinders genoem het. Ons was sy vyande – vuil, sondaarmense! Maar die groot genade: “Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook” (vs 1).

Ons kan alleen God se kinders wees vanweë die Vader se liefde. God se liefde kom na vore deurdat die Vader bereid was om sy geliefde Seun, sy Enigste Kind, prys te gee en sondaarmense as sy kinders aan te neem. Die Seun, ons Here Jesus Christus, was ook bereid om liefde tot die uiterste te bewys om ons tot sy broers en kinders van sy Vader te maak. Daarom lees ons verder in 1 Johannes 3:16: “Hieraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê.”

Ons loof en prys die Here vir sy groot liefde, want daardeur kon ons verhuis. Ons het eens en vir altyd verhuis uit die slawehuis van die dood na die huis van die ewige lewe. Daaraan hoef ons nie te twyfel nie, want: “Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het” (1 Joh 3:14).

Hierdie lewe is die ware lewe en moet ons ook as God se kinders lewe. As God se kinders moet daar ook by ons die merktekens van God se kinders wees. Elkeen wat deur Jesus aan die Vader behoort, leef nie meer in die mag van die sonde nie (vs 9, 10). Veral die broederliefde (vs 14) is die bewys daarvan dat ons die ware lewe het.

Onthou: deur God se genade is ons sy kinders, laat ons ook in die krag van die Heilige Gees as sy kinders elke dag leef.

Sing: Psalm 91:1 (1936)

Ds P van Wyk (Bronkhorstspuit)